

1. Salomo tot koning gesalf

Dawid het bevel gegee aan Sadok, Natan en Benaja om Salomo op sy koninklike muil te laat ry en hom by die Gihonfontein tot koning te salf. Dit het alles onder groot gejubel plaasgevind.

- Toe Adonia dit verneem, het hy en sy aanhangers gevlug. Adonia self het na die tabernakel gevlug en aan die horings van die altaar vasgehou.
- Salomo het beloof dat hy Adonia nie sal doodmaak nie en dat hy niks sal oorkom nie solank hy hom net goed gedra. Daarop het Adonia na Salomo toe gekom en hom as koning erken.

2. Dawid se laaste bevel

Toe Dawid voel dat sy einde naderkom, het hy sy seun Salomo vermaan om die Here te bly gehoorsaam en vrees. Dan sal die Here sy beloftes vervul.

- Verder het Dawid in herinnering gebring wat Joab gedoen het, en aan Salomo opgedra om hom regverdig te straf.
- Ook Simeï, wat vir Dawid gevloek het, moes Salomo nie ongestraf laat bly nie.
- Na hierdie opdragte aan Salomo het Dawid ontslaap in die ouderdom van sewentig jaar. Sy lewe was 'n lewe vol worsteling en verdriet. Hy is begrawe in die Dawidstad.

3. Salomo se regering

Salomo het nog nie so lank geregeer nie toe hy genoodsaak was om teen sy broer Adonia op te tree.

- Adonia het deur middel van Batseba aan Salomo laat vra of hy Abisag as vrou mag neem. Abisag was die mooi jongmeisie uit Sunem wat vir Dawid op sy oudag verpleeg het.
- Batseba het geen kwaad vermoed nie en die versoek van Adonia aan Salomo oorgebring. Salomo het deurgesien dat daar 'n listige bedoeling agter hierdie versoek gesit het en hy het die versoek afgewys.
- Om 'n einde te maak aan die onderduimse optrede van Adonia, het Salomo aan Benaja bevel gegee om Adonia dood te maak.
- Terselfdertyd moes Salomo nou ook Abjatar as hoëpriester ontslaan en hom verban na Anatot, maar hy het hom nie om die lewe gebring nie ter wille van die dienste wat hy aan Dawid bewys het.
- Toe Joab dit alles hoor, het hy ook na die tabernakel gevlug en aan die horings van die altaar vasgehou. Dit het hom niks gebaat nie. Omdat hy 'n moordenaar was, het Salomo Benaja beveel om hom dood te maak.
- Salomo het ook 'n afspraak met Simeï gemaak dat hy in Jerusalem moes bly. Sodra hy oor die Kedronspruit gaan, sou hy ook doodgemaak word. Drie jaar lank het dit goed gegaan, maar toe twee van Simeï se slawe wegloop, het hy hulle agternagesit en gaan haal uit die land van die Filistyne. Hiervoor is hy voor die koning gebring en is die doodsvonnis aan hom voltrek.

4. Salomo se wysheid

Salomo het nou 'n stewige houvas op die koningskap gekry. Hy het besef dat daar 'n swaar taak op sy skouers rus. Daarom het hy besluit om op die hoogte van Gibeon aan die Here 'n dankoffer te bring.

- Nadat hy daar duisend brandoffers geoffer het, het die Here in 'n droom aan hom verskyn. Die Here het hom sy hulp beloof en hom vergun om te sê wat hy graag wil hê.
- Salomo het gehoorsaamheid en insig begeer om die volk te regeer volgens God se ordinansies. Hy kon geen beter keuse maak nie. Daarom het die Here aan hom wysheid gegee sodat daar nooit 'n wyser man as hy was of sou wees nie.
- Behalwe wysheid het die Here ook aan hom rykdom en eer gegee.

Die Skrif gee ons nou 'n voorbeeld van Salomo se wysheid. Daar was twee vroue wat in dieselfde huis gebly het. Die een het een nag haar kind doodgelê, maar sy neem toe die lewendige kind van die ander vrou by haar, en lê die dooie kind by die ander vrou. Toe die ander vrou die môre wakker word, het sy gesien dat die dooie kind nie haar kind is nie. Sy het tevergeefs probeer om haar lewendige kind van die ander vrou terug te kry. Die saak is toe voor Salomo gebring om uitspraak te gee wie die moeder van die lewendige kind is. Salomo het gevra dat hulle vir hom 'n swaard moet bring om die lewendige kind deur te sny sodat elke vrou 'n helfte kan kry. Die egte moeder het angstig gesmeek dat die lewe van die kind gespaar moet word, terwyl die ander vrou nie omgee het dat die kind deurgesny word nie. Dit was so vir die koning duidelik wie die moeder van die kind was, en hy het die kind aan sy ware moeder teruggegee.

Hierdie wyse uitspraak van Salomo het 'n diep indruk op die volk gemaak. Hieruit kon die volk merk dat Salomo met God se wysheid begiftig was.

Salomo se wysheid kom ook na vore in sy drieduisend spreuke en die meer as duisend liedere wat hy geskryf het. Hy het 'n diep insig gehad in die natuur en sy kragte sodat hy die verborge betekenis wat God in sy skepping gelê het, kon verstaan. Sy wysheid en roem het oral bekend geword.

5. Salomo se rykdom en eer

Salomo het ook baie ryk geword. Sy jaarlikse inkomste is geskat op sowat 23 ton goud, behalwe nog die belasting wat die onderhorige konings aan hom moes betaal.

- Karavane is na heinde en ver gestuur om handel te drywe. Sy skepe het selfs tot by Ofir gegaan om daar goud te gaan haal. Salomo se rykdom kon ook gesien word in die tempel en die paleis wat hy laat bou het.
- Die gerug van sy rykdom, wysheid en mag het tot in verafgeleë lande versprei. Hiram, koning van Tirus, het hom met eerbewyse oorlaai en was gewillig om aan hom alles te verskaf wat nodig was vir die bou van die tempel. Daar word ook beskryf hoe die koningin van Saba eer en hulde aan Salomo gebring het. Sy was afkomstig uit 'n land wat waarskynlik geleë was in die suidweste van Arabië, en sy het gekom om van Salomo se wysheid te geniet. Sy het verbaas gestaan oor alles wat sy gehoor en gesien het. Nadat sy aan Salomo 'n groot geskenk in goud, edelgesteentes en speserye aangebied het, het sy weer na haar land teruggekeer.
- Hy was 'n koning van vrede. Daar was nie oorloë wat hom gekwel het nie.

In die vrederyk van Salomo kan iets gesien word van die heerlikheid van die vrederyk van die Messias wat vir ewig sal duur.

6. Die tempel van Salomo

6.1 Voorbereiding vir die bou van die tempel (1 Kon. 5, 6, 8; 2 Kron. 2-6)

Dawid het al reeds tydens sy lewe van die boumateriaal begin bymekaar maak sodat Salomo daarmee die tempel kon bou. Hy het die grond op die berg Moria gekoop waar die tempel moes staan.

- Salomo het baie gou nadat hy koning geword het, begin het met die voorbereidings om die tempel te bou.
 - Vir die goud, silwer en ander kosbaarhede het Dawid reeds gesorg.
 - Dit was veral hout en klippe wat nou ontbreek het.
 - Salomo het 'n ooreenkoms aangegaan met Hiram, koning van Tirus, waarvolgens Hiram hout uit die Libanonberge sou lewer om die tempel te bou.
 - Salomo sou dan op sy beurt jaarliks 'n sekere hoeveelheid koring en olie aan Hiram lewer.
- Hoe groot die werk was wat Salomo beplan het, kan veral gesien word uit die getal werkers wat hy gebruik het.

- Daar was 30 000 man om hout te kap en te bewerk,
- 70 000 wat dit aangedra het, en
- 80 000 klipkappers.
- Al die boumateriaal is eers presies gereed gemaak voordat dit na die bouery vervoer is sodat daar geen geraas was by die tempel toe dit gebou is nie. Die Here het opdrag gegee dat daar geen hamerslae gehoor mag word terwyl die tempel gebou word nie.

6.2 Die struktuur van die tempel

Die tempel was 30 meter lank, 10 meter breed en 15 meter hoog. Die binneste of agterste gedeelte was die Allerheiligste, wat 10 meter lank, 10 meter breed en 10 meter hoog was.

- Die Allerheiligste was afgeskei van die voorste gedeelte deur middel van 'n voorhangsel.
- In die Allerheiligste was daar twee gerubs van hout gemaak en met goud oorgetrek. Hulle was elkeen vyf meter hoog en het uitgespreide vlerke gehad van twee en 'n half meter elk. Die vlerke van die twee gerubs het in die middel van die vertrek aan mekaar geraak. Die hele tempel was van binne met goud oorgetrek.
- Voor die tempel was daar 'n voorportaal en voor die voorportaal was daar twee pilare met die name Jakin en Boas.
- Rondom die tempel was die voorhof van die priesters, en daaromheen was die buitenste voorhof vir die volk.

Die inhoud van die tempel was effens anders as by die tabernakel. In die Allerheiligste het die verbondsark gestaan onder die twee gerubs.

- Die gerubs het gesimboliseer dat die heiligdom nou die blywende woonplek van die Here geword het.
- Binne-in die ark was slegs die twee tafels van die Wet (1 Kon. 8:9; 2 Kron. 5:10).
- Die staf van Aäron en die goue kruik met die manna, wat vroeër ook in die ark was, het in Salomo se tyd al uit die ark verdwyn; dit mag moontlik êrens anders gebêre gewees het.

In die heilige afdeling was daar die reukofferaltaar, wat volgens 1 Konings 6:20 met sederhout oorgetrek was, en wat in 1 Konings 7:48 die goue altaar genoem word; die tafel vir die offerbrode; en die tien goue kandelaars.

Voor die ingang van die heilige afdeling was daar die brons brandofferaltaar (1 Kon. 8:64) en die gegote waterbak wat op twaalf gegote beeste gerus het. Verder was daar ook tien brons waentjies met waskomme wat gebruik is om die offervleis in te was.

6.3 Die inwyding van die tempel

Nadat die tempel met al sy benodigdhede voltooi is, is voorbereidings getref vir die inwyding daarvan. Die dag van die inwyding het saamgeval met die Huttefees.

- Die verbondsark, wat nog altyd in 'n tydelike tent op Sion gestaan het, is deur die priesters na die tempel gedra en in die Allerheiligste onder die vlerke van die gerubs neergesit.
- Toe die priesters uit die heiligdom uit was, het die teenwoordigheid van die Here dit gevul.
- Daarmee het die Here te kenne gegee dat Hy sy intrek in die tempel geneem het.
- Die volk het uiting aan hulle blydschap gegee deur die sing van lofliedere, begelei met musiekinstrumente.
- Daarop het Salomo sy inwydingsrede gehou, wat hy afgesluit het met 'n vurige smeekgebed. Salomo het by die brandofferaltaar neergekniel met sy hande uitgesprei na die hemel en so tot God gebid.
 - Hy het die Here gesmeek om altyd die gebede wat in hierdie tempel opgestuur word, te

verhoor.

- Die inwydingsfees is beëindig met 'n groot offer aan die Here. Salomo het bewys hoeveel hy vir die Here oorgehad het toe hy nie minder nie as 22 000 beeste en 120 000 skape geoffer het.

Salomo het gesterf ná 'n regeringstyd van veertig jaar. Sy seun Rehabeam het in sy plek koning geword.